Beleid A/13.1 Taalbeleid van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat	
Kontakbeampte	Die Registrateur by telefoonnommer (+2751) 4474986
Datum van goedkeuring	2003-03-14
Goedkeuringsmag	SUT Raad
Datum van volgende hersiening	2006-03-14

13.1.1 Rede vir die beleid
13.1.2 Beleidstelling
13.1.3 Akademies
13.1.4 Algemeen
13.1.5 Korrespondensie
13.1.6 Amptelike funksies
13.1.7 Voldoeningsbeampte
13.1.8 Toepassingsveld

Verwante beleide/dokumente
Wysigingsgeskiedenis
Ondertekening

13.1.1 Rede vir die beleid

a) Die Taalbeleid van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat bepaal die taal van kommunikasie aan die SUT.

13.1.2 Beleidstelling

b) Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, is verbind tot die bevordering van toeganklikheid vir alle hoëronderwysleerders en om die resultate van diskriminasie van die verlede aan te spreek.

b) Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, sal in al sy werksaamhede veeltaligheid en die ontwikkeling van veeltaligheid bevorder, veral met betrekking tot die oorheersende streekstale.

c) Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, se amptelike Taalbeleid is gebaseer op gemeenskaplike verdraagsaamheid en respek onder alle kultuurgroepe, en moet so apolities moontlik wees. Dit moet deur die volgende riglyne gerig word:

i) Voldoening aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

ii) Bevordering van diversiteit, gelykheid en rekonsiliasie.
iii) Voldoening aan streeksbehoeftes.
iv) Koste-effektiwiteit en regverdigbaarheid, sover moontlik.
v) Bevordering van toeganklikheid.
vi) Verbintenis tot veeltaligheid.

d) Beleide, prosedures en hulpbronne sal sodanig opgestel/aangewend word dat die vaardigheid van alle leerders en personeel in die hooftale van kommunikasie aan die SUT bevorder word. In ooreenstemming met die nasionale tendens, sal die klem op Engels as primêre kommunikasietaal val.

e) Die Taalbeleid van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, sal hersien word in ooreenstemming met *Nasionale hoëronderwys-taalbeleidsontwikkelings*, ten minste elke 3 (drie) jaar.

13.1.3 Akademies

a) Onderrigmedium

i) Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, is verbind tot die verskaffing van toegang aan soveel as moontlik hoëronderwysleerders. Engels sal as primêre onderrigtaal gebruik word.

ii) Afrikaans en Suid-Sotho sal as aanvullende kommunikasietale gebruik word, met oorweging van die streeksvoorkeure. Waar dit lewensvatbaar is, sal hierdie tale as parallelonderrigmedium gebruik word. Leer- en evalueringsmateriaal sal, waar moontlik, ook in Afrikaans beskikbaar gestel word.

b) Onderrig van taalvakke

i) Die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, strewe daarna om taalvakke aan te bied in ooreenstemming met die aanvraag vir sodanige kursusse en die beskikbaarheid van die vereiste kundigheid.

ii) Die ontwikkeling van die gebruik van streekstale van die Vrystaat en hulle vaktaalterminologie sal voorkeur geniet.

c) Taal van evaluering en toetsing

i) Engels sal as die primêre taal van evaluering en toetsing gebruik word. In die geval van parallelonderrig in ‘n taal anders as Engels, sal evaluering en toetsing in daardie taal geskied.

13.1.4 Algemeen

a) Algemene administrasie

i) Engels sal as primêre taal van administrasie gebruik word.

ii) Die gebruik van ‘n spesifieke taal mag nie enige persoon uitsluit van deelname aan amptelike verrigtinge, soos vergaderings en seremonies nie.

iii) Komitee-aktiwiteite moet geskied in ooreenstemming met die Taalbeleid, maar ‘n lid van ‘n komitee mag nie beperk word tot die gebruik van Engels nie.

iv) Die Afdeling: Taaldiens van die SUT, wat ‘n vertaal- en tolkdiens aan die SUT lewer, sal uitgebrei word om hierdie dienste op ‘n breër basis en in meer tale te kan lewer.

b) Kennisgewingborde

i) Kennisgewingborde moet die diversiteit van kampuskulture reflekteer. Inligting wat geskik is kragtens die *Beleid rakende die aanbring van plakkate en kennisgewings op kennisgewingborde* mag in die drie streekstale van die provinsie op kennisgewingborde verskyn.

c) Inligtingsborde en rigtingaanwysingsborde

i) Waar enigsins prakties moontlik, moet inligting in al die goedverteenwoordigde tale op strategies geplaasde inligtings-/rigtingaanwysingsborde aangebring word.

d) Name van fasiliteite

i) Die name van geboue sal aanvaar/verander word in ooreenstemming met die *Beleid rakende die benaming van geboue en gronde van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat*.

13.1.5 Korrespondensie

a) Met sy Taalbeleid beoog die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, om die vloei van inligting in sy administrasie so doeltreffend moontlik te laat verloop. Alle amptelike kennisgewings sal in Engels geskied, en waar moontlik, ook in die aanvullende tale.

b) Waar moontlik sal die SUT, wanneer navrae ontvang word, in die taal van die navraer reageer.

13.1.6 Amptelike funksies

a) Die aard, inhoud en teikengehoor bepaal die taalgebruik.

13.1.7 Voldoeningsbeampte

a) Die Registrateur is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid en moet gekontak word in die geval van ‘n navraag insake die inhoud daarvan.

13.1.8 Toepassingsveld

a) Alle werknemers en studente van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat, moet vertroud wees met die inhoud van hierdie beleid.

Verwante beleide/dokumente

1. SUT IRKHS – Beheer en Leiding (“Governance”)-afdeling – Hoëronderwyswet, Wet 101 van 1997 (soos gewysig) – afdeling 27(2) verwys.
2. SUT IRKHS – Beheer en Leiding (“Governance”)-afdeling – Die Taalbeleid vir Hoër Onderwys – Ministerie vir Onderwys (November 2002).
3. SUT IRKHS – SUTHVBP, afdeling H – Beleid rakende die benaming van geboue en gronde van die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat.
4. SUT IRKHS – SUTHVBP, afdeling E – Beleid rakende die aanbring van plakkate en kennisgewings op kennisgewingborde.

Wysigingsgeskiedenis

Datum Gepubliseer	IRK Afdeling	Oorsprong van goedkeuring	Afdeling(s) gewysig & beskrywing van wysiging(s)
1. 2003-07-18 2. 2004-04-19 3. 2005-02-24	1 IRK - afdeling 513, item 513.1.1; 2. BRHS – afdeling GOV.POL, item gpol-l-001; 3. SUTHVBP - afdeling A, item 13.1	1. UKS (resolusie UKS 03/01/24) – Aanbeveel vir goedkeuring deur Raad. 2. MHK (resolusie MH 2/03/01) – Aanbeveel vir goedkeuring deur Raad. 3. RDK (resolusie RDK 2/03/01) – Aanbeveel vir goedkeuring deur Raad. 4. Senaat (dok. S 03/01/25) – Aanbeveel vir goedkeuring	1. Hersien om ooreen te stem met die Taalbeleid vir Hoër Onderwys, soos goedgekeur op 6 November 2002 deur die Kabinet. 2. Formaat van beleidsdokument gewysig om ooreen te stem met die formaat vir beleide aan die SUT.

		deur Raad. 5. VKUS (resolusie VCET 18/03/03) – Aanbeveel vir goedkeuring deur Raad. 6. SUT Raad (resolusie TR 3/03/1) – Goedgekeur vir voorlegging aan Minister van Onderwys, nie later as 31 Maart 2003. 7. Goedgekeur deur Minister van Onderwys - Junie 2003.	3. Formateer om ooreen te stem met die Protokol vir SUT-beleide om beleid 513.1.1 te vervang.

Ondertekening

Eerstelynhoofde/ Hoofde van Departemente wat direk aan die VK rapporteer **(Bestuursverwante beleid; administratiewe prosedures)**	**Rektor/Visekanselier** **(Bestuursverwante beleidsbeginsels en -direktiewe)**	**Voorsitter: SUT-Raad** **(Beheer en leiding ("Governance") verwante beleide en prosedures)**	**Voorsitter: Senaat** **(Akademiese beheer en leiding ("Governance") verwante beleide en prosedures)**
Nie van toepassing nie.	Nie van toepassing nie.	Onderteken deur die Sekretaris van die Raad.	Nie van toepassing nie.
Datum: -	**Datum:** -	**Datum:** 2005-02-17	**Datum:** -